

die myngebied van die Rand en die hoë ongevallesyfer weens misdaad en mynongelukke, dienste van dié aard in die jare tagtig van die vorige eeu genoodsaak het. Aanvanklik is 'n aantal beddens in die plaaslike tronk vir ongevalle beskikbaar gestel en tronkbewaarders moes in die afwesigheid van verpleegsters die rol van sieketroosters vervul. Namate die goudstormloop toegeneem het, is druk op die bestaande gesondheidsraad uitgeoefen om mediese geriewe te skep. Die gevolg was dat die regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek om finansiële hulp genader en ook plaaslik deur middel van kollektelyste geld ingesamel is. Die spesiale landdros van Johannesburg, kaptein Carl von Brandis, het as tussentydse maatregel 'n sinkgebou aangekoop wat toe as verpleeginrigting moes dien.

In 1888 is die eerste hospitaalraad saamgestel, 'n perseel noord van die myndorp is bekom en in 1889 kon met die oprigting van die eerste permanente hospitaal begin word; dit is in 1890 feitelik in gebruik geneem. Na 'n nederige begin met 130 beddens het die hospitaal binne enkele dekades tot die grootste in die Britse Ryk gegroei. Tot 1919 moes die hospitaal vyf keer vergroot word en in 1922 is kliniese fasiliteite vir die opleiding van mediese studente daargestel. Die Johannesburgse Hospitaal het ten spyte van talle probleme deur die jare gegroei om tred te hou met die snelgroeiende bevolking van die stad en in 1968 was altesaam 1 500 beddens, versprei in verskillende dele van die stad, beskikbaar.

In dieselfde jaar het die Transvaalse Provinsiale Administrasie 'n nuwe gebou beplan. Weens 'n gebrek aan ruimte moes die hospitaal na 'n nuwe terrein verskuif word en uiteindelik is op die Parktownrif besluit waar die Universiteit van die Witwatersrand terselfdertyd beplan het om 'n nuwe mediese skool op die aangrensende perseel op te rig. Bouwerk aan die eerste fase van die hospitaal het reeds in 1973 begin — die eindprodukt wat tien jaar later ingewy is, is nie slegs een van die grootste enkel hospitaalkomplekse in die Suidelike Halfrond nie, maar ook 'n ten volle geïntegreerde akademiese hospitaal wat een van die digbewoonde gebiede in die land bedien en internasionale bekendheid verwerf het vir talle prestasies en bydraes tot feitlik alle aspekte van die geneeskunde.

Afgesien van die geskiedenis van die hospitaal, word die grootste deel van die boek gewy aan al die dienste wat dit bied en aan die verskillende departemente, wat in die meeste gevalle ook in historiese perspektief gestel word. Op dié wyse kan die werk as bron vir die student in die stedelike geskiedenis dien. Hoewel die gedenkboek nie as 'n gesaghebbende historiese werk bedoel is nie, lewer dit tog 'n bydraë tot die geskiedenis van mediese en gesondheidsdienste in Johannesburg en veral tot die eietydse omstandighede. Dit sal in die toekoms vir die navorser van waarde wees. Want die "verhaal van die Johannesburgse Hospitaal het geen einde nie. Dit is einde-loos" (p. 110), aldus die samestellers.

P.H.R. SNYMAN

Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

C. C. ELOFF. *Oranje-Vrystaat en Basoetoland, 1884-1902: 'n verboudingsstudie*. RGN: Pretoria, 1984. 310 pp. Geïllustreerd. R20,00 (eksklusief). ISBN 0 7969 0014 0.

Betrekkinge tussen Basoetoland en die Oranje-Vrystaat vorm 'n belangrike komponent van die wyere tussengroepverhoudingsituasie in Suid-Afrika. Boonop is die negentiende eeu 'n belangrike fondament waarop die twintigste-eeuse verhoudinge uitgekristalliseer het — in dié opsig is die onderhawige studie dus aktueel. Dit voorsien beslis in 'n leerme in die Suid-Afrikaanse historiografie, veral aangesien bestaande boeke oor die Vrystaat-Basoetoland-verhouding (vergelyk die studies van J.J.G. Grobelaar, S.P.R. Oosthuizen en J. van der Poel) óf reeds verouderd is, óf slegs 'n bepaalde aspek van die komplekse grenssituasie belig.

Die outeur het hom toegespits op die jare 1884-1902. Die interstaatlike verhouding word aangebied in twee groot deininge, naamlik dié tussen 1884 en 1899 (deel I) en dié tydens die Tweede Anglo-Boereoorlog (deel II). Vooroorlogse betrekkinge word in ses hoofstukke geskets, terwyl twee hoofstukke gewy word aan die oorlogssituasie. Binne hierdie omlynde raamwerk word politieke, ekonomiese en sosiale aspekte van die kontakssituasie belig.

Die skrywer slaag by uitnemendheid daarin om die kompleksiteit van die grenssituasie te skets. Die uiteensetting vereng nie bloot na die verhaal van 'n skeidingslyn wat van tyd tot tyd deur smokkelaars en veediewe oorskry word nie, maar word kundig uitgebou rondom die daaglikse lewensbehoeftes van mense wat om bepaalde redes op mekaar aangewese is. Sodoende word die grens werklik 'n lewensvorm en nie slegs 'n onwerklike statiese skeidingslyn nie. Dit is dus geen verrassing dat talle nuwe insigte oor die besondere grenssituasie na vore kom nie. Aanvullend hierby is die skrywer duidelik ingelig oor die Basoeto se tradisies en gewoontes. Dit stel hom in staat om byvoorbeeld die arbeidskwessie (hoofstuk 6) met begrip en insig in 'n nuwe perspektief te plaas.

Dit is jammer dat die outeur in die hersiening van die werk vir publikasie (dit is aanvanklik as 'n doktorsale proefskrif aangebied), die tema nie selfs wyer uitgebou het nie. In hierdie opsig kon literatuur wat beskikbaar geword het oor grenssituasies (vergelyk byvoorbeeld dié van Lamar en Thompson) benut gewees het om die monografie positief te bevrug. Dit kon gelei het

tot 'n selfs nog ruimer visie sover dit die vertolkende aspek daarvan betref. Die publikasie is ook heelwat van sy trefkrag ontnemend deurdat slegs 'n gedeelte van die negentiende eeu betrek word. Tydens 'n vorige studie vir 'n verhandeling het die skrywer die periode 1868-1884 bestudeer. Dit sou dus relatief maklik gewees het om 'n inleidende hoofstuk in te voeg (gebaseer op eie navorsing en sekondêre leesstof) sodat die hele negentiende eeu in perspektief geplaas kon word. Die studie toon ook 'n opvallende blanksentriese uitgangspunt, soos duidelik blyk uit die verkose aanvangs- en afsluitingsdatum. Die leser wonder onwillekeurig of die uitbreek van die Tweede Anglo-Boereoorlog vir die Basoeto dieselfde waterskeiding verteenwoordig as vir die Oranje-Vrystaat. Laastens is daar enkele aspekte waaroor meer inligting verskaf kon gewees het, soos byvoorbeeld die Basoeto se rol in die diamantbedryf (en veral hoe hulle die minerale rewolusie ervaar het) asook die invloed van Basoeto-Vrystaat-verhoudinge in 'n breër Suid-Afrikaanse verband.

S.F. MALAN

Universiteit van Suid-Afrika

A.P. SMIT and L. MARÉ (eds.). *Die Beleg van Mafeking: dagboek van Abraham Stafleu*. Human Sciences Research Council: Pretoria, 1985. 285 pp. Illus. R19,70 (exklusive). ISBN 0 7969 0191 0.

Few episodes of the Second Anglo-Boer War have attracted as much notice from contemporary and later writers as the siege of Mafeking. War correspondents, diarists, biographers and historians have focussed on it from many angles and it might be tempting to think that the topic had reached saturation point. However, the editors of this volume have detected an imbalance; the impressions of those who served under Baden-Powell have predominated whilst eyewitness accounts from within the Boer ranks have been rare. Once more posterity has reason to be thankful for the diary-jotting habit that was characteristic of so many of the participants.

Abraham Stafleu's contribution in Dutch is unusual for he was a non-combatant, voluntarily attached to the Red Cross section which accompanied the Marico Commando. He was a Netherlander who had come to the South African Republic in 1897 to take up a teaching post in the Marico district. The Boer methods of waging war at Mafeking were mystifying to Stafleu's orderly mind and he deplored the lack of organisation and discipline that he experienced in his own sector. His likes and dislikes are expressed robustly. Set against the bravery and initiative of some of the junior officers, is the Boer commander, General Kootjie Snyman, with whom Stafleu had several brushes. Snyman's dismissal of the value of services offered by foreign volunteers made Stafleu's hackles rise and he wrote scornfully of Snyman's obstinacy, rudeness and tendency to hold endless councils of war that produced no results. As the siege of Mafeking dragged on the besiegers were disheartened. At the humiliating conclusion, by which time Stafleu had returned to his teaching and was relying on information from others, he noted sarcastically that second only to Baden-Powell, Snyman deserved the V.C. and the gratitude of the English people! Stafleu's sharp comments enhance the value of his diary. At times the siege had aspects of a picnic or of comic opera, but harsh death was a periodic attendant.

Stafleu's first wife died shortly before the war leaving him to care for an infant son. This child was a concentration camp victim in 1901. After these black experiences he was to marry again, and father eight children by his second and third wives and to live to the age of 72.

The editors have been very conscientious in their cross-references, and in identifying ordinary burghers mentioned by Stafleu have almost gone beyond the call of duty. A well-illustrated and professionally produced volume is a credit to the Human Sciences Research Council and a worthy addition to the documentation of the war.

A.M. DAVEY

Onrust

Sandton [compiled by Judith Los]. Sandton, [1984]. 107 pp. Illustrated.

Although this publication is largely an information guide for local residents, businessmen, and others wanting to know more about the town Sandton — and not a pure history book — it could be useful to any prospective student of the local history of Sandton. It provides valuable information about community activities such as municipal affairs, education, churches, entertainment and recreation, health services, libraries, the commercial sector, roads and traffic, and population statistics. If more local authorities were to follow Sandton's example in compiling directories of this kind, the researcher would have convenient starting points facilitating and simplifying field-work in other areas.

In addition, the book contains interesting snippets on various aspects of the history of Sandton, such as the birth and name of the town, the early days, the Sandton Commando, Sandton Nature Conservation Society, and the Inanda Club — similarly useful to the historian. Although Sandton was established only some fifteen years ago, this guide is proof of a dynamic community with a good infra-structure and sound future.

P.H.R. SNYMAN

Human Sciences Research Council